JUFFROU ANRI-WENKE #3

**Samewerkingsgeleentheid met LAPA-Uitgewers**

---

**Wat is gedeelde skryf?**

'n Skryfmetode waar 'n onderwyser as 'n skrywer optree en woorde of sinne neerskryf wat deur leerder voorgestel word, wat dan aktief deelneem aan die skep van 'n teks.

**Die voordele van gedeelde skryf**

1. **Verhoog leerderbetrokkenheid**

   Omdat leerders self die onderwerpe voorstel, ervaar hulle eienaarskap oor die teks. Dit motiveer hulle om deel te neem en dit maak die skryfproses meer betekenisvol.

2. **Bou 'n gevoel van samehorigheid**

   Dit bou selfvertroue en laat leerders ervaar dat hulle bydraes waardevol is.

3. **Modelleer goeie skryfgewoontes**

   Die onderwyser modelleer hardop hoe om keuses oor woordeskat, sinsbou en struktuur te maak. Leerders kry die kans om deel van daardie strategieë te wees, en om dit later oor te neem.

4. **Verbeter taalvaardigheid natuurlik**

   Deur saam te dink en idees te orden, oefen leerders luister, praat, lees en skryf - al vier taalvaardighede versterk mekaar.

© JUFFROU ANRI
www.juffrouanri.com

5. **Bou denkvaardighede**

   Leerders oefen om te redeneer, verduidelik en motiveer, omdat hulle idees moet deel en ondersteun.

6. **Oordrag na onafhanklike skryf**

   Die gedeelde teks dien as 'n model en raamwerk. Wanneer hulle self skryf, het leerders reeds 'n goeie voorbeeld van struktuur en taalgebruik om na terug te verwys.

**Hoe om 'n gedeelde skryfles aan te bied:**

**Stap 1: Leerders verskaf moontlike onderwerpe**

Begin die les deur die leerders self idees te laat voorstel vir moontlike onderwerpe. Dit wys waarmee hulle vereenselwig en gee hulle eienaarskap.

Hoe om die gesprek te begin:

- "Dink aan iets waarvan jy baie hou. Wat sal 'n interessante onderwerp wees om oor te skryf?"
- Skryf die idees op die witbord neer.
- Koppel dit terug aan die doel van die les: "Ons gaan nou saam 'n paragraaf/teks skryf oor hierdie onderwerp." Jy kan ook vir die leerders 'n voorbeeld van hierdie tekstipe wys.

© JUFFROU ANRI
www.juffrouanri.com

**Voorbeelde van moontlike onderwerpe wat uit die klas kan kom:**

- 'n Dier wat ek as troeteldier wil hê.
- Die beste dag van my lewe.
- As ek 'n nuwe speelding vir pouse kon uitvind.
- 'n Reël wat ek by die skool sou verander.

**Stap 2: Klasgesprek**

Leerders moet hul gedagtes begin organiseer en hul moet hardop oefen om hul idees te deel voordat hulle dit neerskryf. Dit help almal om 'n idee-bank te bou wat later in die gedeelde teks gebruik word.

Skryf idees op die bord neer:

- Skryf sleutelwoorde of kort frases neer wat leerders gee.
- Gebruik eenvoudige kategorieë om dit te organiseer, bv.:
  - **Redes** (hoekom hou ons daarvan)
  - **Voorbeelde** ('n spesifieke storie of ervaring)
  - **Gevoelens** (hoe dit jou laat voel)

Moedig deelname aan:

- Maak seker elke leerder kry 'n kans, selfs al is dit net 'n eenwoord-bydrae.
- Gebruik leidrade soos:
  - "Kan iemand iets byvoeg?"
  - "Het iemand 'n ander mening?"

© JUFFROU ANRI
www.juffrouanri.com

Byvoorbeeld:

Onderwerp gekies deur die klas: *"My gunstelingpouse-aktiwiteit"*

- **Redes:** Dit is lekker, dit hou my fiks, ek kan saam met my vriende wees.
- **Voorbeelde:** Sokker op die veld, springtou, handjietennis, aan-aan.
- **Gevoelens:** Dit maak my bly, ek voel vry, ek vergeet van werk.

**Stap 3: Gesamentlike skryf**

Die klas bou saam aan 'n **kort, gestruktureerde teks**. Jy modelleer hoe 'n skrywer dink, terwyl leerders aktief bydra.

- **Inleiding:** Ons klas se gunstelingpouse-aktiwiteit is om buite te speel.
- **Rede 1 + voorbeeld:** Dit hou ons fiks en gesond, soos wanneer ons sokker speel op die veld.
- **Rede 2 + voorbeeld:** Ons kan ook lekker saam lag en nuwe speletjies uitdink, soos springtou of handjietennis.
- **Slot:** Daarom is pouse vir ons die lekkerste tyd van die dag, want dit gee ons energie en maak vriendskappe sterker.

**Stap 4: Hersiening**

Leerders leer hoe om hul skryfwerk saam met ander te verbeter en af te rond. Onderwyser modelleer hoe 'n mens **hersien** (lees krities vir betekenis en vloei) en **redigeer** (spelling, leestekens, grammatika).

© JUFFROU ANRI
www.juffrouanri.com